Nadat dit gedurende die tweede en die derde kwartale van 1967 skerp gestyg het en daarna gedurende die vierde kwartaal in werklikheid gedaal het, hoofsaaklik weens skommelings in die bydrae van die landbou, het die bruto binnelandse produk gedurende die eerste kwartaal van 1968 merkbaar gestyg. Hierdie opwaartse beweging was hoofsaaklik toe te skryf aan toenames in die bydraes van die private fabriekswese, die handel en die mynbou uitgesonderd goud—die bydrae van die landbou, wat gedurende die tweede en derde kwartale van 1967 aansienlik gestyg het voordat dit gedurende die vierde kwartaal gedaal het, het 'n verdere afname getoon.

Die bruto binnelandse besteding, wat gedurende die vierde kwartaal van 1967 nogal skerp gedaal het, het ook gedurende die eerste kwartaal van 1968 toegeneem, maar teen 'n baie stadiger koers as die bruto binnelandse produk.





Private verbruiks- en lopende owerheidsbesteding

Die hooforsaak vir die toename in die bruto binnelandse besteding gedurende die eerste kwartaal was 'n redelik skerp styging in private verbruik. Hierdie toename was veral opvallend in die geval van nie-duursame goedere, alhoewel die besteding aan duursame goedere en dienste ook merkbaar toegeneem het. Die aantal nuwe motors verkoop, sowel as die indeks van kleinhandelsverkope, het geneig om toe te neem tot bo die peil van die vierde kwartaal van 1967.

Boonop het die lopende owerheidsbesteding aan goedere en dienste, wat gedurende die vierde kwartaal

¹ Die ontleding in hierdie deel van die Oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge, na uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaallike verwickelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.





van 1967 afgeneem het en gedurende 1967 as geheel met slegs 6 persent toegeneem het, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse koers van toename van ongeveer 12½ persent tussen 1960 en 1966, weer gedurende die eerste kwartaal van 1968 toegeneem tot ongeveer dieselfde peil as wat dit gedurende die derde kwartaal van 1967 bereik het.

Vaste kapitaalbesteding


Bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende die vierde kwartaal van 1967 afgeneem het, het ook gedurende die eerste kwartaal van 1968 'n matige toename getoon. Hierdie herstel was egter uitsluitlik toe te skryf aan 'n baie skerp toename in die vaste kapitaalbesteding van openbare *owerhede*, wat die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens insluit. In teenstelling daarmee het die vaste investering van openbare *korporasies* vir die vyfde opeenvolgende kwartaal effens afgeneem en private vaste kapitaalbesteding het selfs 'n meer opvallende daling as gedurende die vierde kwartaal van 1967 getoon—hoofsaaklik weens 'n afname in die vaste investering in die mynbou, die fabriekswese en woongeboue.

Voorraadinvestering

Totale voorraadinvestering het vir die derde opeenvolgende kwartaal gedaal, maar nogtans positief gebly, d.w.s. totale voorrade het nog toegeneem. Handels- en nywerheidsvoorrade het egter in werklikheid gedaal.

Uitvoer en invoer

Min of meer in ooreenstemming met die klein toename in die bruto binnelandse besteding, het die invoer van goedere en (nie-faktor-) dienste ook gedurende die eerste kwartaal van 1968 slegs effens gestyg. Die uitvoer van goedere en (nie-faktor-) dienste het egter aansienlik toegeneem tot 'n nuwe rekordhoogtepunt. Die betalingsbalans in lopende rekening het gevolglik nog verder verbeter, soos later in meer besonderhede



aangetoon sal word.

Bruto binnelandse besparing

Vergeleke met die vorige kwartaal, het die bruto binnelandse besparing gedurende die eerste kwartaal van 1968 min verandering getoon. Die samestelling daarvan het egter betekenisvol verander. Persoonlike besparing, wat gedurende 1967 aansienlik toegeneem het, het merkbaar gedaal terwyl maatskappybesparing (onuitgekeerde winste van maatskappye) met 'n ongeveer gelyke bedrag toegeneem het. Die lopende oorskot van die algemene owerheid het ongeveer konstant gebly.

Produksie en werkverskaffing

Nadat dit gedurende die tweede helfte van 1967 geneig het om gelyk te verloop, het die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie weer gedurende die eerste twee maande van 1968 toegeneem. Verder het die indeks van die volume van goudproduksie, wat gedurende 1967 matig gedaal het, 'n sterk toename gedurende die maande Januarie tot April 1968 getoon, terwyl dié




van mynbouproduksie anders as goud ook gedurende hierdie tydperk teen 'n heelwat vinniger koers as gedurende 1967 toegeneem het. Na 'n matige daling gedurende 1967 het werkverskaffing in die mynbou gedurende die eerste kwartaal van 1968 merkbaar toegeneem.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van geregistreeerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate (1958 = 100) het vanaf 82.4 in Desember 1967 tot 77.3 in April 1968 gedaal.

Algemene ekonomiese aanwysers

Soos gedurende die vierde kwartaal van 1967, was daar weer gedurende die eerste vier maande van 1968 'n opvallende verskil tussen die gedrag van sekere *monetêre* en *finansiële* aanwysers en dié van die beskikbare maandelikse aanwysers van *reële* ekonomiese bedrywigheid. Soos later in meer besonderhede in hierdie oorsig aangetoon sal word, het sulke monetêre en finansiële aanwysers soos die goud- en buitelandse valutareserwes, seisoensaangesuiwerde geld en kwasi-geld, aandeelbeursomset en aandeelpryse, almal aangehou om gedurende die eerste vier maande van 1968 sterk te styg. In skerp teenstelling met hierdie verwikkelinge, het 'n groot gedeelte van die *reële* ekonomiese aanwysers egter geneig om of horisontaal te beweeg of om slegs 'n matige nuwe opwaartse neiging gedurende hierdie tydperk te toon. Transaksies in vaste eiendom, bouplanne goedgekeur en die waarde van geboue voltooi, byvoorbeeld, het rondom 'n min of meer horisontale lyn geskommel, terwyl fabrieksproduksie, die aantal nuwe motors en



handelsvoertuie verkoop, kleinhandelsverkope en spoorweginkomste taamlik stadig toegeneem het.

Dit het geneig om die indruk te bevestig wat van die nasionale rekeninge- en betalingsbalansgegevens verkry is, naamlik dat, terwyl daar sekere tekens van die begin van 'n nuwe opswaai in totale vraag was en terwyl monetêre en finansiële toestande sekerlik bevorderlik vir so 'n oplewing was, die balans wat benaderd tussen totale vraag en aanbod gedurende die tweede helfte van 1967 bereik is, gedurende die tydperk onder bespreking gehandhaaf is.

Pryse

Nadat dit teen jaarkoerse van 3.5 persent tussen Desember 1966 en Junie 1967 en 0.3 persent tussen

Junie 1967 en Desember 1967 gestyg het, het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysin-deks teen 'n jaarkoers van 2.2 persent gedurende die eerste vyf maande van 1968 toegeneem. Die versnelling gedurende die laasgenoemde tydperk kan grootliks toegeskryf word aan die feit dat voedselprijs, wat merkbaar gedurende die tweede helfte van 1967 afgeneem het, weer gedurende die eerste vyf maande van 1968 toegeneem het. Die jaarkoers van toename van ander verbruikersprys het, vanaf 1.2 persent gedurende die eerste tydperk tot 2.2 persent gedurende die laasgenoemde tydperk toegeneem.

Verbruikersprysin-deks—seisoensinvloed uitgeskakel *Jaarlikse persentasiekoers van verandering*

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
Des. 1965—Des. 1966	4.3	3.6	3.8
Des. 1966—Des. 1967	1.7	2.0	1.9
Des. 1966—Junie 1967	5.1	2.9	3.5
Junie 1967—Des. 1967	-1.6	1.2	0.3
Des. 1967—Mei 1968	1.9	2.2	2.2

Die seisoensaangesuiwerde indeks van groot-handelsprys het 'n soortgelyke neiging getoon. Nadat dit tussen Junie 1967 en Desember 1967 teen 'n jaarkoers van 0.3 persent gedaal het, het dit teen 'n jaarkoers van 1.5 persent tussen laasgenoemde maand en April 1968 toegeneem. Hierdie verandering was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging in die groothandelsprys van landbou-, bosbou- en vissery-produkte gedurende die eerste vier maande van 1968, wat 'n skerp teenstelling met 'n aansienlike daling in hierdie prys gedurende die tweede helfte van 1967 gevorm het. Die indeks van groothandelsprys van Suid-Afrikaanse vervaardigde goedere het teen 'n jaarkoers van slegs 1.0 persent gedurende die eerste vier maande van 1968 toegeneem, vergeleke met 1.4 persent gedurende die tweede helfte van 1967.

Groothandelsprysin-deks—seisoensinvloed uitgeskakel *Jaarlikse persentasiekoers van verandering*

Tydperk	Goedere geproduseer in Suid-Afrika			Inge-voerde goedere	
	Land-bou, ens.	Fa-brieks-wese	Totaal	Totaal	Totaal
Des. 1965—Des. 1966	7.1	4.9	5.1	3.2	4.6
Des. 1966—Des. 1967	-2.5	1.6	1.0	1.5	1.1
Des. 1966—Junie 1967	6.3	1.7	2.9	1.9	2.6
Junie 1967—Des. 1967	-10.6	1.4	-0.8	1.0	-0.3
Des. 1967—April 1968	5.9	1.0	2.0	0.5	1.5

Betalingsbalans

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalings-balans het vanaf R22 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1967 tot R44 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1968 gestyg. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarlikse koers, het die laasgenoemde oorskot R207 miljoen bedra. 'n Vergelyking van hierdie syfer met die lopende tekorte van R409 miljoen en R364 miljoen gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1967, toon die aansienlike mate waartoe die lopende rekening van die betalingsbalans verbeter het na gelang die oor-matige vraag na goedere en dienste in die ekonomie afgeneem het.

Die toename in die lopende oorskot gedurende die eerste kwartaal van 1968 was hoofsaaklik te danke aan 'n verdere styging in die goedere-uitvoer. Op die grondslag van seisoensaangesuiwerde syfers omge-reken na 'n jaarlikse koers, het hierdie uitvoere vanaf R1,333 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1967 tot R1,613 miljoen gedurende die eerste kwar-taal van 1968 gestyg, vergeleke met R1,208 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1967.

Die seisoensaangesuiwerde invoersyfer, ook om-gereken na 'n jaarlikse koers, het effens gestyg vanaf R1,793 miljoen gedurende die vierde kwartaal van 1967 tot R1,861 miljoen gedurende die eerste kwar-taal van 1968. Laasgenoemde syfer is egter nog heelwat laer as die bedrag van R2,044 miljoen wat gedurende die eerste kwartaal van 1967 aangeteken is.

Private kapitaalbewegings


Bykomend tot die oorskot op die lopende rekening was daar ook 'n netto invloeiing van private kapitaal tot 'n bedrag van nagenoeg R108 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1968. R36 miljoen van hierdie bedrag het bestaan uit 'n netto invloeiing deur die Effektebeurs, terwyl R33 miljoen ander langtermyn-fondse, insluitende trekkings op buitelandse lenings van R9 miljoen deur Evkom en R10 miljoen deur Yskor, verteenwoordig. Die oorblywende saldo van R39 miljoen sluit foute en onaangetekende transaksies in.

Regerings- en bankkapitaal

In teenstelling met die netto uitvloeiing van kapitaal gedurende die voorafgaande ses kwartale, was daar gedurende die eerste kwartaal van 1968 'n netto in-vloeiing van R19 miljoen in die vorm van sentrale regerings- en bankkapitaal. Dit was hoofsaaklik te danke aan 'n netto invloeiing van R13 miljoen by wyse van korttermynkapitaal wat na monetêre banke, uitge-sonderd die Reserwebank, gevloei het.

Goud- en buitelandse valuta-reserwes

As gevolg van die lopende oorskot van R44 miljoen en die netto kapitaalinvloeiing van R127 miljoen, het die totale besit aan goud- en buitelandse valuta-



reserwes met R171 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1968 gestyg tot 'n peil van R728 miljoen aan die einde van Maart.

Verwikkelinge gedurende April en Mei

Die totale reserwes het gedurende April verder met R50 miljoen gestyg en met naastenby dieselfde bedrag gedurende Mei, sodat die totaal rofweg op R830 miljoen aan die einde van Mei te staan gekom het. Voorlopige aanduidings wil daarop dui dat die lopende rekening verder verbeter het gedurende April en dat die netto kapitaalinvloeiing gedurende April gedaal het voordat dit weer in Mei gestyg het.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Ondanks 'n styging in die goud- en buitelandse valuta-reserwes van R157 miljoen en 'n toename van R60 miljoen in die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor, het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste kwartaal van 1968 met ongeveer R23 miljoen of ietwat minder as 1 persent gedaal. Soos die bygaande tabel toon, kon dit grotendeels aan 'n afname van R213 miljoen in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor toegeskryf word.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld

(Verandering in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor)

R miljoene

	1967				1968	
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	4e kw.	1e kw.	April
Verandering in geld en kwasi-geld:						
Geld	-75	94	-56	147	-47	74
Kwasi-geld	-9	29	59	39	24	37
Totaal	-84	123	3	186	-23	111
Oorsake van verandering:						
Netto goud- en buitelandse valuta-reserwes	-68	-41	27	79	157	54
Eise teen regeringsektor	-158	49	122	12	-9	-10
Regeringsdeposito's (toename-, afname+)	40	54	-183	53	-204	47
Netto eise teen die regeringsektor	-118	103	-61	65	-213	37
Eise teen private sektor	112	86	27	53	60	-10
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-12	-33	16	-28	-21	-12
Ander bates en laste	2	8	-6	17	-6	42
Totaal	-84	123	3	186	-23	111

Dit is egter belangrik om daarop te let dat van laasgenoemde daling ongeveer die helfte 'n suiwer seisoenale afname verteenwoordig het (wat byvoorbeeld die seisoenale verskuiwing van belasting- en ander fondse na die regeringsektor weerspieël het) en



dat die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld ná aansuiwering vir seisoensinvloede in werklikheid gedurende hierdie tydperk 'n toename van R146 miljoen of 5.3 persent getoon het. Met ander woorde, indien seisoensfaktore in aanmerking geneem word, was die afname in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, hoewel dit nog meer as R100 miljoen bedra het, nie groot genoeg om die ekspansionistiese invloed op geld en kwasi-geld van die aansienlike styging in die goud- en buitelandse valuta-reserwes en in bankkrediet aan die private sektor geheel en al te neutraliseer nie.

Die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk het ook verder gestyg, naamlik vanaf ongeveer 28½ persent in die vierde kwartaal van 1967 tot byna 29 persent in die eerste kwartaal van 1968. Hoewel dit nog steeds laer was as die hoogtepunt van meer as 29 persent wat gedurende die eerste kwartaal van 1966 behaal is, was dit 'n relatief hoë syfer in vergelyking met die gemiddelde van ongeveer 26 persent wat gedurende die jare 1955 tot 1964 aangeteken is. Ten spyte van die bestaan van 'n plafon op sekere soorte bankkrediet aan die private sektor was die algemene monetêre „klimaat“ dus bevorderlik vir 'n herop-lewing van inflasionistiese druk.

Gedurende April het die onderliggende neiging vir die likwiditeit van die private sektor om toe te neem selfs nog sterker geword en het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld met R111 miljoen gestyg. Selfs indien die feit dat daar gedurende April normaalweg 'n opwaartse seisoensneiging bestaan, in aanmerking geneem word, het die toename in daardie maand nog steeds soveel as R83 miljoen bedra. Dit het beteken dat die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld ná aansuiwering vir seisoenskommelings gedurende die eerste vier maande van 1968 met 8.3 persent toegeneem het.

Die hooforsaak van die groot styging gedurende April was weer eens 'n aansienlike styging in die netto goud- en buitelandse valuta-reserwes (R54 miljoen). 'n Verdere bydraende faktor was egter 'n toename van R37 miljoen in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor, wat grotendeels 'n seisoenstyging was ná die gedeeltelik seisoenale daling van R213 miljoen in hierdie netto eise gedurende die eerste kwartaal. Die eise van die banksektor teen die *private* sektor het in werklikheid gedurende April met R10 miljoen afgeneem.

Bankkrediet aan die private sektor

Indien die kaskredietvoorskotte van die Landbank, wat gedurende die eerste kwartaal met ongeveer R59 miljoen gedaal het, uitgesluit word, het die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende hierdie tydperk met R118 miljoen toegeneem. Soos die bygaande tabel toon, het hierdie toename hoof-



saaklik die vorm aangeneem van 'n styging in diskonteringe en voorskotte, hoewel die beleggings van die banke ook verder gestyg het. Maar terwyl die styging in beleggings gedurende die vierde kwartaal van 1967 hoofsaaklik uit toevoegings tot die banke se besit aan obligasies van plaaslike besture, die Landbank en ander openbare korporasies bestaan het, het die beleggingstoename gedurende die eerste kwartaal van 1968 byna geheel en al 'n vermeerdering van hul obligasies in maatskappye verteenwoordig.

Gedurende April het die toestand beduidend verander. Met uitsluiting van 'n daling van R8 miljoen in kaskredietvoorskotte van die Landbank, het die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende hierdie maand met R2 miljoen afgeneem. Diskonteringe en voorskotte aan die private sektor het met R11 miljoen gedaal terwyl beleggings met slegs R8 miljoen gestyg het.

In Mei het die Reserwebank deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant alle monetêre banke opdrag gegee om te verseker dat vanaf die

Verandering in eise teen die private sektor¹
R miljoene


	4e kw. 1967	1e kw. 1968	April 1968
Diskonteringe en voorskotte	-12	+85	-11
Beleggings	+75	+30	+8
Deposito's	+2	+3	+1
Totaal	+65	+118	-2

¹Met uitsondering van kaskredietvoorskotte van die Landbank.

einde van daardie maand die totaal van hul beleggings in die private sektor, anders as hul besit aan effekte, obligasies en wissels van plaaslike besture, die Landbank en ander openbare korporasies, nie die bedrag van hierdie beleggings soos aan die einde van Maart 1968 sou oorskry nie tensy enige sodanige oorskryding deur kennisgewing in die Staatskoerant of skriftelik deur die Reserwebank gemagtig was. Hierdie maatreeël was bedoel om die vroeëre voorskrifte van die Reserwebank waardeur 'n plafon op die diskonteringe en voorskotte van die monetêre banke aan die private sektor geplaas is, aan te vul.

Afname in Landbankkrediet

Nadat dit vanaf R171 miljoen aan die einde van 1966 tot 'n hoogtepunt van R345 miljoen aan die einde van September 1967 gestyg het en daarna tot R332 miljoen aan die einde van daardie jaar gedaal het, het die kaskredietvoorskotte van die Landbank aangehou om stadig tot R266 miljoen aan die einde van April 1968 te daal, wat ongeveer R114 miljoen hoër was as die syfer vir April van die vorige jaar.



Banklikwiditeit

Gedurende die eerste kwartaal van 1968 het die oorskot likwiede bates van monetêre banke, wat teen die einde van 1967, hoofsaaklik as gevolg van die betalingsbalansoorskot en die toename in krediet van die Reserwebank aan die Landbank tot 'n buitengewoon hoë peil gestyg het, onder die invloed van seisoensfaktore, in die besonder die groot toename in regeringsdeposito's, merkbaar gedaal. Gedurende April het dit egter weer toegeneem namate sekere van hierdie seisoensinvloede omgedraai het, soos in die volgende tabel aangedui word:

Oorskot-likwiedebateverhoudings

	1967	1968			
	Des. %	Jan. %	Feb. %	Mrt. %	April %
Handelsbanke	14.5	8.5	8.2	7.8	9.4
Aksepbanke	12.5	19.5	13.3	10.8	14.5
Monetêre huurkoop- en algemene banke	11.0	12.4	10.1	10.5	14.8

Die hoë peil van likwiditeit van die banksektor en die private sektor is ook weerspieël in die groot bedrae aan daggeld wat by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie gehou is. Aan die einde van April het daggeldlenings aan die diskontohuise 'n nuwe rekord van R311 miljoen bereik, terwyl die totale hoeveelheid daggeld by die diskontohuise en die Nasionale Finansiële korporasie R461 miljoen bedra het, wat slegs effens minder was as die peil van R469 miljoen wat in Desember 1967 behaal is.

Korttermynrentekoerse

Ten spyte van die groot en voortdurende oorskot op die betalingsbalans in sy geheel gedurende die eerste vyf maande van 1968, het die monetêre owerhede daarin geslaag om die skatkiswissel-tenderkoers dwarsdeur hierdie periode op die betreklik hoë peil van tussen 5.00 en 5.08 persent te handhaaf. Gedurende die eerste kwartaal van 1968 was die belangrikste „stabiliserende” invloed op die geldmark 'n skerp afname in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie teen die regering-sektor. Dit kan op sy beurt weer hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n groot styging in regeringsdeposito's by hierdie twee instellings, naamlik vanaf 'n laagtepunt van R149 miljoen op 22 Desember 1967 tot 'n hoogtepunt van R497 miljoen op 15 Maart 1968. Anders as die styging in regeringsdeposito's tussen April en Oktober 1967 was hierdie toename nie in enige beduidende mate die gevolg van vermeerderde netto uitreikings van skatkiswissels en korttermynstaats-effekte aan bankinstellings nie, maar het dit groten-deels uit 'n verskuiwing van belasting- en ander fondse van die private nie-banksektor na die regering-sektor bestaan.

Soos voorheen reeds genoem is, was laasgenoemde verskuiwing egter in belangrike mate van 'n seisoens-aard en toe vanaf omstreeks die middel van Maart die teenoorgestelde seisoensbeweging begin het, het die regeringsdeposito's geneig om te daal. Aangesien die goud- en buitelandse valuta-reserwes nog steeds skerp gestyg het, het dit vanselfsprekend tot 'n ver-ruiming van die toestand op die geldmark gelei en is hierdeur nuwe afwaartse druk op korttermynrente-koerse uitgeoefen. Om die invloed hiervan ten minste gedeeltelik teen te gaan, het die Reserwebank ge-durende die tweede kwartaal weer eens Landbank-

wissels aan die diskontohuise verkoop terwyl die Tesourie meer wissels uitgereik het. Die handelsbanke is ook aangemoedig om meer korttermynfondse onder die sogenoemde „swop”-ooreenkomste in die buite-land te belê.

'n Verdere maatreeël om 'n oormatige verruiming van die geldmark te voorkom, is teen die einde van April getref toe die Reserwebank alle monetêre banke opdrag gegee het om vanaf die einde van Mei nie slegs die normale minimum reserwesaldo gelyk aan 8 persent van hul korttermynverpligtings teenoor die publiek by hom aan te hou nie, maar ook (1) 'n verdere saldo gelyk aan 12 persent van die toename in hierdie verpligtings vanaf die einde van Maart 1968 en (2) spesiale deposito's by die Nasionale Finansiële korporasie gelyk aan 20 persent van hierdie toename.

Alhoewel hierdie verskeie maatreeëls in aansienlike mate in hul doel geslaag het, het die skatkiswissel-tenderkoers gedurende die tweede kwartaal van 1968 nietemin begin daal en op 7 Junie het dit vir die eerste keer sedert die begin van Desember 1967 tot onder 5 persent geval. Teen 14 Junie het dit tot 4.95 persent gedaal. Verskeie ander korttermynrentekoerse, waar-onder die depositokoerse van bankinstellings, het 'n soortgelyke afwaartse neiging getoon.

Staatsfinansies

Syfers wat nou beskikbaar gekom het, toon duidelik dat die finansies van die sentrale regering 'n sterk „disinflasionistiese” uitwerking op die likwiditeit van die private sektor gedurende die fiskale jaar geëindig Maart 1968 gehad het. Gedurende hierdie tydperk het die Skatkis nie slegs daarin geslaag om sy netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor met R48 miljoen te verlaag nie, maar ook om die toename in sy netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor tot minder as R1 miljoen te beperk. Die banksektor se besit aan staatseffekte (hoofsaaklik korttermyn-effekte) en skatkiswissels het in werklikheid met R120 miljoen oor die jaar toegeneem, maar dit was byna volkome geneutraliseer deur 'n styging van R119 miljoen in die skatkissaldo¹. Albei hierdie veranderings weer-spieël die amptelike geldmarkbeleid om korttermyn-beleggingsgeleenthede aan sowel bankinstellings as die private nie-banksektor beskikbaar te stel met die doel om die fondse uit die bestedingstroom te onttrek en dit by die Reserwebank te „steriliseer”.

Indien die werksaamhede van die Staatskuldkom-missaris egter in sy geheel in berekening gebring word, het die finansies van die sentrale regering in werklikheid 'n veel groter vernouende invloed op private sektor likwiditeit uitgeoefen as wat boge-noemde syfers te kenne gee. Dit het gebeur omdat die

¹Afgesien van die normale skatkissaldo by die Reserwebank en verskeie beleggings, sluit hierdie syfer oordragte in van R83 miljoen na 'n spesiale Stabilisasie-rekening by die Reserwebank waarvoor voorsiening in die Algemene Leningswet gemaak is.

Skatkisfinansies

R miljoene

	1966/67	1967/68				
		Apr.- Jun.	Jul.- Sept.	Okt.- Des.	Jan.- Maart	Totaal
Totale tekort (uitgesonderd lenings)	340	41	10	56	223	330
Finansiering:						
Verandering in netto skuldposisie teenoor:						
Buitelandse sektor	-15	-23	-9	-1*	-15*	-48*
Private nie-banksektor	167	18	56	55	127	256
Staatskuldkommissarisie	165	38	-2	29*	56*	121
Betaalmeester-generaal en bestaans-beveiligingsfondse	-1	20	-20	—	—	—
Sub-totaal	316	53	25	83	168	329
Monetêre banksektor:						
Verandering in besit aan staatspapier	60	25	103	-22	14	120
Verandering in skatkissaldo (toename-, afname+)	-36	-37	-118	-5*	41*	-119*
Sub-totaal	24	-12	-15	-27	55	1
Totale finansiering	340	41	10	56	223	330

*Na aansuiwering vir buitelandse lenings in die buiteland belê en vir beleggings by die S.S.K.

Skatkis, ten einde nie sy wetlike leningsmagte te oorskry nie, hom daarvan weerhou het om van die Staatskuldkommissarisie al die fondse wat laasgenoemde vir belegging gedurende die fiskale jaar 1967/68 beskikbaar gehad het, in ontvangs te neem. Die gevolg was dat die Kommissarisie aan die einde van Maart 1968 R117 miljoen op deposito by die Nasionale Finansiële korporasie en R29 miljoen by die Reserwebank gehad het wat normaalweg alles in die skatkisrekening gestort sou gewees het. As hierdie fondse op die normale wyse belê was, sou die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die Staatskuldkommissarisie met R267 miljoen gestyg het in plaas van met slegs R121 miljoen, terwyl sy netto skuldposisie teenoor die banksektor 'n daling van R145 miljoen gedurende 1967/68 sou getoon het in plaas van 'n styging van R1 miljoen¹.

Hierdie gunstige resultaat was aan twee hoof faktore te wyte. Eerstens, ondanks addisionele bewilligings ten bedrae van R85 miljoen in die Addisionele Begroting in Februarie 1968, het die totale begrotingstekort (uitgesonderd lenings) slegs R330 miljoen vir die volle 1967/68 fiskale jaar bedra, vergeleke met

R340 miljoen in die vorige jaar. Dit was die direkte gevolg van, enersyds, die beperking van regeringsuitgawes en, andersyds, die verhoging van sowel direkte as indirekte belastinge.

Tweedens, weens faktore soos 'n verhoging van leningsheffings, die uitgifte van belastingvrye Spaar- en Tesourie-obligasies aan persoonlike spaarders, realistiese rentekoerse op staatseffekte en wetlike veranderinge in 1966 om versekeraars, pensioenfondse en effektrusts te verplig om 'n groter gedeelte van hul fondse in staatseffekte te belê, het die Skatkis daarin geslaag om 'n netto bedrag van R256 miljoen gedurende die 1967/68 fiskale jaar van die private nie-banksektor te leen, vergeleke met R167 miljoen gedurende die vorige jaar en R65 miljoen gedurende 1965/66. Leningsheffings het R76 miljoen voorsien en die 6% belastingvrye Tesourie-obligasies R92 miljoen, terwyl versekeraars en pensioenfondse hulle besit aan staatseffekte met R67 miljoen verhoog het.

1968/69 Begroting

Geen fundamentele veranderinge in fiskale beleid is deur die Minister van Finansies aangekondig met die indiening van sy Begroting in die Parlement op 27 Maart 1968 nie. Hoewel toegewings aan pensioentrekkers, staatsamptenare en grensgoudmyne gemaak is, het belastingkoerse feitlik onveranderd gebly en is die leningsheffings behou op die peil waartoe dit in die vorige Begroting verhoog is. Totale uitgawes op Inkomste- en Leningsrekening is verwag om met 8 persent tot R2,099 miljoen te styg en totale inkomste (uitgesonderd lenings) met ongeveer 3 persent tot R1,670 miljoen. Daar is in die vooruitsig gestel dat die gevolglike tekort van R429 miljoen op 'n wyse gefinansier sou word wat nie 'n betekenisvolle ekspansionistiese uitwerking op die likwiditeit van die private sektor sou hê nie.


Kapitaalmark

Verwikkelinge op die Effektebeurs: aandelepryse en -opbrengskoerse

Die belangrikste kenmerk van die kapitaalmark gedurende die eerste vier maande van 1968 was 'n groot aanvraag na aandele. Die gemiddelde maandelikse omset op die Johannesburgse Effektebeurs het gedurende hierdie tydperk meer as verdubbel vergeleke met die gemiddelde maandelikse syfer vir 1967, en die pryse van byna alle klasse van aandele het tot nuwe rekordhoogtes in Maart gestyg. Gedurende April het die pryse van goudmyn- en finansiële mynaandele effens gedaal, maar dié van finansiële nywerheidsaandele en handels- en nywerheidsaandele het hulle sterk opwaartse beweging voortgesit. Tussen Oktober (die maand voor die devaluasie van sterling) en April het die prysindekse van sowel goudmyn- as nywerheids- en handelsaandele met ongeveer 34 persent toegeneem.

Die gevolg van hierdie prysstygings was dat

¹Gedurende April is meeste van die fondse wat deur die Staatskuldkommissarisie by die Nasionale Finansiële korporasie en die Reserwebank gehou is in werklikheid by die Skatkis belê en laasgenoemde se netto skuldposisie teenoor die banksektor het gevolglik aansienlik gedaal, naamlik met ongeveer R142 miljoen.



opbrengskoerse op aandele tot vlakke gedaal het wat nie alleen baie laag in verhouding tot vorige onder-vinding was nie, maar ook laag in verhouding tot die koerse op vaste-rentedraende effekte. Die ge-middelde opbrengskoers op nywerheids- en handels-aandele is byvoorbeeld tot 4.2 persent in April verminder, vergeleke met 4.8 persent in Oktober 1967, terwyl die gemiddelde opbrengskoers op goudmyn-aandele vanaf 11.4 persent in Oktober tot 6.8 persent in Maart 1968 gedaal het, voordat dit weer tot 7.3 persent in April gestyg het. Aangesien die opbrengs- en ander koerse op die meeste klasse van vaste-rentedraende beleggings gedurende hierdie tydperk min of meer onveranderd gebly het, het die omgekeerde rendementsgaping dienoooreenkomstig merkbaar vergroot.

Die toenemende neiging aan die kant van beleggers vanaf Oktober om voorkeur aan aandele en ander „groei“-beleggings bo vaste-rentedraende beleggings

te verleen, het oënskynlik nie in die eerste plek met nuwe inflasionistiese verwickelinge in die binnelandse volkshuishouding verband gehou nie—soos vroeër aangetoon is, het die oplewing van 1966/67 in totale monetêre vraag vanaf ongeveer die middel van 1967 gelyk begin verloop. Die vernaamste rede vir die oplewing op die Effektebeurs tussen Oktober en Maart moet gevolglik elders gesoek word, en is skynbaar geleë in die onsekerheid oor internasionale geldeenhede en die goudpryspekulasie wat op die devaluasie van sterling in November 1967 gevolg het en groter verwagtings van kapitaalwinste op Suid-Afrikaanse aandele laat ontstaan het.

Effektetrusts

In die heersende omstandighede het effektetrusts teen 'n buitengewoon vinnige koers uitgebrei. Vergeleke met R49 miljoen gedurende 1967 as geheel, het hulle netto verkope van onderaandele gedurende die eerste vier maande van 1968 R60 miljoen bedra, terwyl die markwaarde van hulle netto bates vanaf R83 miljoen aan die einde van 1967 tot R174 miljoen aan die einde van April 1968 toegeneem het.

Nadat dit tussen Mei en Julie 1967 gedaal het, het die gekombineerde prysindeks van onderaandele weer opwaarts beweeg en in April 1968 op 175 te staan gekom, vergeleke met 140 in Desember 1967 en 118 in Desember 1966. Die gemiddelde opbrengs-koers op onderaandele het dienoooreenkomstig tot 2.5 persent in April gedaal teenoor 3.1 persent in Desember 1967 en 3.8 in Desember 1966.

Bouverenigings

Die verandering in batevoorkeur waarna hierbo verwys is, het begrypikerwys geneig om die groei van bou-verenigings te vertraag. Gedurende 1967 het die bou-verenigings nog baie goed gevaar—hulle totale middele het met R110 miljoen oor die jaar toegeneem, terwyl hulle uitstaande verband- en ander lenings 'n styging van R135 miljoen getoon het, wat meer as dubbeld soveel as die toename van R63 miljoen gedurende die voorafgaande jaar was. Maar gedurende die eerste twee maande van 1968 het hulle meer as 'n seisoensdaling in hulle netto toevloeiing van fondse ondervind.

Ten einde die toestand te verlig, het die Minister van Finansies in Februarie sekere spesiale toegewings aan bouverenigings aangekondig, waaronder die reg om aan individue 'n spesiale soort permanente aan-deel uit te reik waarop die rente tot 'n maksimum van R400 per belastingbetaler per jaar belastingvry sal wees. Hierdie toegewings het 'n aansienlike uit-werking gehad en het, tesame met normale seisoens-invloede, meegewerk om 'n groot toename in die netto toevloeiing van fondse na die bouverenigings



gedurende Maart en April te bewerkstellig. So het hulle deposito's en aandelekapitaal, nadat dit met R3 miljoen gedurende Januarie en Februarie gedaal het, met R44 miljoen gedurende Maart en April toegeneem, waarvan R24 miljoen nuwe kontantbeleggings in die spesiale belastingvrye aandele verteenwoordig het—die totale bedrag wat gedurende hierdie twee maande in die laasgenoemde aandele belê is, het in werklikheid R101 miljoen bedra, maar R66 miljoen het omsettings van ander aandele en R11 miljoen omsettings van deposito's verteenwoordig. Hierbenewens het die Regering as 'n verdere spesiale toewysing 'n bedrag van R16 miljoen—by benadering gelykstaande aan die bedrag wat deur hom ingevolge die 100-persent-behuisingskema vir staatsamptenare gewaarborg is—aan die bouverenigings voorgeskiet.

Hierdie verwikkelinge het die verenigings in staat gestel om hulle uitstaande verband- en ander lenings met R27 miljoen en hulle besit aan likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings met R20 miljoen gedurende die eerste vier maande van 1968 te laat toeneem. Hulle groter leningsbedrywigheid word ook aangetoon deur die styging in hulle „nuwe verbandvoorskotte toegestaan” vanaf 'n gemiddelde van R19 miljoen gedurende Januarie en Februarie tot R29 miljoen in Maart en R34 miljoen in April.

Opmerkings oor tabelle

Die aandag word weer eens gevestig op die feit dat sommige van die syfers wat in die Kwartaalblad verskyn, een keer per jaar in die Junie-Kwartaalblad hersien word. Die belangrikste hersienings wat op hierdie uitgawe betrekking het, is die volgende:

1. Alle reekse waarvan die seisoensinvloed uitgeskakel is, is hersien, nie slegs om veranderende

seisoenspatrone in ag te neem nie maar ook as gevolg van hersiening van die basiese gegewens.

2. Die betalingsbalanssyfers vir die jaar 1967 sowel as die verspreiding daarvan oor die vier kwartale, is hersien.

3. Sommige van die 1967-syfers in die seksie oor Nasionale Rekeninge is hersien.